Hoërskool Marais Viljoen
Marais Viljoen High School

P/Sak/Bag X011, Alberton, 1450
h/v ⁄c/o Bodmin & Cradock St, Alberante, 1449
epos/email: skollier@maraisviljoen.co.za; hilde@maraisviljoen.co.za
www.maraisviljoen.co.za GPS: S26˚16.643′ E28˚07.972′
**(T): 011 869 2103 / 011 907 9013/4 (F): 011 869 5171**

19 Mei 2017

Geagte Ouers / Voogde

**OMSENDSKRYWE 14 (2017)**

## 1. EKSAMEN

Die eksamen begin amptelik op 1 Junie en sal op 23 Junie voltooi wees. Die eksamenrooster is gister alreeds uitgedeel en is deur die distrik bepaal. Vanaf 26 Junie is dit normale skoolure waar leerders by die skool moet wees om punte te kontroleer en normaal skool te gaan. **Omdat die leerders op die laaste dag van die kwartaal rapporte kry, is dit van kardinale belang dat hulle hulle vraestelle en punte moet kontroleer, sodat die nodige aanpassings gemaak kan word voordat die rapporte uitgaan. Daar sal ook assesseringstake afgelê word op die dae soos op die eksamenrooster en in die dagboek aangedui. Hierdie take tel vir die derde kwartaal. Indien 'n leerder sonder 'n doktersbrief afwesig is, sal hy/sy nul vir die assesseringstaak ontvang. Dit sal dan 'n nadelige invloed op die leerder se jaarpunt hê.**

## 2. GEBEDSVERSOEKE

Op Donderdagoggende kom 'n groepie ma's by die skool byeen om vir die skool, onderwysers, leerders en die hele skoolgemeenskap te bid. Enige een wat 'n gebedsversoek het, kan dit op 'n stukkie papier skryf en in die algemene kantoor in 'n houer gooi wat spesiaal vir daardie doel daar is. Alle gebedsversoeke word konfidensieel hanteer.

Indien daar enige gebedsversoeke is, moet asseblief nie huiwer om van hierdie geleentheid gebruik te maak nie.

## 3. EERLIKE LEERDERS

Wesley Bekker het 'n selfoon opgetel en ingehandig. Lian Bezuidenhout het 'n beursie opgetel en ingehandig en Tarquin Nel het geld opgetel en ingehandig. Baie dankie!

**8. PROGRAM VIR DIE WEEK**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag<br>22 Mei | Hulpklasse : Gr 8 – 12<br>Gholf<br>Kooroefening | 14:15 – 15:15<br><br>17:45 – 21:00 | |
| Dinsdag<br>23 Mei | Hokkie: Meisies vs Benoni High | | Tuis |
| Woensdag<br>24 Mei | Graad 12-ekstraklas (k2)<br>Skaakliga<br>Hokkie: Seuns B-span vs Leeuwenhof | 14:15 – 15:00 | |
| Donderdag<br>25 Mei | Hemelvaartdag<br>Graad 12-ekstraklas (k3) | <br>07:00 – 07:40 | |
| Vrydag<br>26 Mei | Tennisliga: Seuns A en B<br>Meisies A vs Dinamika<br>Hokkie: Meisies vs Jeugland | | |
| Saterdag<br>27 Mei | Classic Clash vs Florida | | Tuis |

Vriendelike groete

**MARTIE HEYSTEK**
**SKOOLHOOF**

**LEIER IN VOLLEDIGE OPVOEDING**